012 660 2066
eldo@hseldo.co.za
Christopherweg 26 Eldoraigne Centurion
Posbus 52224 Wierdapark 0149
www.hseldo.co.za

VERVUL JOU ROEPING

HOëRSKOOL
ELDORAIGNE

27 November 2023

**ALGEMENE OMSENDSKRYWE – BL VERKIESING 2024**

Geagte Ouers/Voogde

Met die oog op die 2024 beheerliggaamverkiesing deel ons graag met u die volgende inligting:

1. **Wanneer vind die beheerliggaamverkiesing plaas en watter rol het ek as ouer?**

Elk van die meer as 24 000 openbare skole in Suid-Afrika het 'n demokraties verkose skoolbeheerliggaam. Skoolbeheerliggaamverkiesings word elke drie jaar gehou. Die skool se beheerliggaamverkiesings vir 2024 vind op 7 Maart 2024 plaas.

Deur aan die beheerliggaamverkiesing deel te neem, het elke ouer die geleentheid om die gehalte van onderwys by die skool te verbeter. Dit is ouers se geleentheid om 'n verskil in skole te maak. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid en demokratiese reg om belangstelling te toon in en deel te neem aan die wyse waarop die skool beheer en bestuur word.

Ouers kan aan die verkiesing deelneem deur hulself verkiesbaar te stel en/of hul stem op verkiesingsdag uit te bring. Die kieserslys vir ouers word op die skool se toelatingsregister gegrond. Stemgeregtigdes is persone wat as ouers in die toelatingsregister verskyn of kan bewys lewer dat hulle ouers is soos wat die Skolewet dit omskryf. Slegs twee ouers per leerder mag stem. Ouers moet dus seker maak dat hulle besonderhede in die skool se toelatingsregister verskyn.

2. **Wat is 'n skoolbeheerliggaam se rol/take?**

Alles wat in en om 'n skool plaasvind, word hoofsaaklik deur die Suid-Afrikaanse Skolewet gereguleer. Die kernbepaling met betrekking tot die werksaamhede van beheerliggame kom voor in artikel 16(1), saamgelees met artikel 16(3), wat bepaal dat die beheer van elke openbare skool in sy beheerliggaam setel. Die Skolewet skryf dan verder in artikel 21 en 22 sekere werksaamhede en verpligtinge aan die beheerliggaam voor. Die skoolbeheerliggaam speel 'n kernrol in die opstel van 'n aantal beleide, onder meer die toelatingsbeleid, die taalbeleid, die godsdiensbeleid en die skool se gedragskode. Die beheerliggaam is ook betrokke by die aanstel van personeel by die skool en die bestuur van skoolfinansies. Seker die belangrikste en

bruikbaarste van die beheerliggaam se werksaamhede is die bevordering van die skool se belange en die voorsiening van onderwys van gehalte.
Dit is ook belangrik om daarop te let dat artikel 16(2) bepaal dat ’n beheerliggaam in ’n vertrouensposisie teenoor die skool staan. Dit beteken dat ’n beheerliggaam te alle tye in die skool se belang moet optree en dat ’n lid van ’n beheerliggaam persoonlike aanspreeklikheid kan opdoen indien hy/sy hierdie vertrouensverhouding sou skend. Daarom is dit ook belangrik om te verseker dat die lede wat tot die beheerliggaam verkies word, persone met integriteit sal wees wat die skool se belange op die hart dra.

3. **Uit wie bestaan die skoolbeheerliggaam, en hoe word ouers daartoe verkies?**

Die lede van die beheerliggaam van ’n gewone openbare skool bestaan uit:

(a) ouers van leerders by die skool;
(b) opvoeders by die skool;
(c) personeellede by die skool wat nie opvoeders is nie;
(d) leerders in die agtste graad of hoër by die skool;
(e) die prinsipaal, in sy amptelike hoedanigheid; en
(f) gekoöpteerde lede.

Die getal ouerlede moet een meer as die gesamentlike totaal van die ander stemgeregtigde lede van die beheerliggaam wees. Slegs ’n ouerlid van ’n beheerliggaam wat nié by die openbare skool werk nie, mag as die voorsitter van die beheerliggaam dien.
Elke provinsie moet ’n stel regulasies uitvaardig wat die verkiesingsprosedure behoorlik uiteensit. Elke skool het ’n kiesbeampte wat oor die hele proses toesig hou. Wat die ouerkomponent betref, kan ’n ouer slegs deur ’n ander ouer benoem en gesekondeer word. Benoemings geskied by wyse van ’n nominasievorm wat deur die voorsteller, sekondant en kandidaat voltooi en by die skool ingehandig word. Die kandidate word deur middel van ons sosiale media en webblad, aan al die ouers bekend gestel.  Die verkiesing vind op ‘n latere stadium in die vorm van ’n voldagverkiesing plaas. Die verkiesing geskied deur geheime stemming en die kiesbeampte sal die ouers oor die verkiesingsuitslag inlig.
Indien u die Gauteng provinsie se verkiesingsregulasies wil ontvang, stuur asseblief ‘n e-pos aan guessjc@hseldo.co.za

**4. Wat behels ’n voldagverkiesing?**

’n Kworum van 15% van ouers op die kieserslys word vereis vir die verkiesing. Om te probeer verseker dat meer ouers in die beheerlig-gaamverkiesing kan stem en om ’n kworum te behaal verkies ons om ’n voldagverkiesing eerder as ’n verkiesingsvergadering te hou. Sodoende kan ouers wat nie noodwendig ’n enkele vergadering sou kon bywoon nie, nou enige tyd op verkiesingsdag gaan stem.

U sal nader aan die verkiesingsdatum duidelike riglyne en inligting rakende die skool se voldagverkiesing ontvang.

**5. Wat is die verskil tussen ’n skoolbeheerliggaam en ’n skoolbestuurspan?**

Eerstens is ’n skoolbeheerliggaam ’n statutêre instelling. Met ander woorde, dit word ingevolge ’n wet – in dié geval, die Suid-Afrikaanse Skolewet – saamgestel, terwyl daar geen wetsvoorskrifte oor die samestelling van ’n skoolbestuurspan bestaan nie. Tweedens word ’n skoolbeheerliggaam demokraties deur verskillende groepe persone verkies: Ouerlede word byvoorbeeld deur ouers gekies, en onderwyserlede deur ander onderwysers. ’n Skoolbestuurspan word gewoonlik deur die skoolhoof saamgestel en bestaan uit die skoolhoof self en ander senior opvoeders by die skool, soos die adjunkhoof en departementshoofde. Die skoolbestuurspan staan die hoof in die nakoming van sy verantwoordelikhede by, en die hoof moet dus besluit watter van sy personeellede die beste daartoe in staat is, die geskikste is en oor die beste kwalifikasies en vaardighede beskik om in die bestuurspan te dien.

Die skoolbeheerliggaam is grootliks verantwoordelik vir die daarstel van beleide soos die toelatings- en taalbeleid van die skool, sowel as die skool se gedragskode. Omdat die meeste lede van die beheerliggaam egter nie heeldag op die skoolterrein kan wees nie, kan hulle sekere take aan die skoolhoof delegeer, waaronder die uitvoering of inwerkingstelling van die beleide. Verder is die skoolhoof ingevolge artikel 16(3) van die Skolewet verantwoordelik vir die professionele bestuur van die skool. Kortom beteken dít die bestuur van alle kurrikulêre aangeleenthede, oftewel die akademie, van die skool. ’n Skoolbestuurspan se funksie is dus om die skoolhoof by te staan in die uitvoering van sy professionele bestuursfunksies sowel as die uitoefening van die magte en verantwoordelikhede wat die beheerliggaam aan hom delegeer.

Ons vertrou dat hierdie inligting vir u van waarde is en dat ons kan staatmaak op ons ouers se ondersteuning met hierdie belangrikke verkiesing.

Hou asseblief ons sosiale media dop, ons gaan tot en met die verkiesing plaasvind, u bemagtig met inligting om met vertroue u stem te laat hoor!

Vriendelike groete

**Mnr. D du Plessis**
**Waarnemende Hoof**